Afrikaanse Onderwysnetwerk

# Ode aan ‘n ma

*“Al sou ek die mooiste huis hê en die smaaklikste etes voorberei, maar ek doen dit nie met liefde nie, dan is ek so waardeloos soos ‘n leë kastrol of ‘n stukkende eierklitser:*

Al is ek die besigste ma op die skoolraad en koop vir my kinders die duurste sporttoerusting, maar ek het nie tyd om hulle langs die sportveld aan te moedig nie, sal ek niks daardeur baat nie. Al koop ek ‘n kamer vol opvoedkundige speelgoed en betaal sakke vol geld vir ekstra klasse, maar ek sit nie self by my kinders en speel of worstel met skoolwerk nie, is ek nie ‘n ware moeder nie.

‘n Liefdevolle ma is geduldig; sy tel maar die klere en speelgoed op. Sy is lankmoedig en vriendelik; sy laai haar kar vol kletsende skoolkinders. Sy vergelyk nie haar kinders met ander nie en is nie verwaand oor hul prestasies nie.

Sy bedek alle skrape met liefde en ‘n pleister, glo in haar kinders, hoop net die beste en verdra al die klaery en kritiek. ‘n Opregte drukkie en intieme gesprek bly lank in ‘n kinderhart, maar gestrykte wasgoed word weer vuil. ‘n Netjies huis word weer deurmekaar, maar eendag as die Volmaakte gekom het, sal jou huis tot niet gaan en jou kinders se siele ondersoek word.

Toe ek jonk was, was ek gesteld op my voorkoms en besittings, maar noudat ek ‘n ma is, het my kinders se versorging belangriker geword. Nou kyk ons nog vas teen opstandige tienergesigte, maar eendag as hulle groot is, sal ons die vrugte maai van die liefde wat ons gesaai het. En nou bly aandag, liefde en geduld oor, maar die waardevolste hiervan is ‘n liefdevolle ma!”

Gegrond op 1 Korintiërs 13:1 – 13.

SKRYWER ONBEKEND